RONDOM
DIE
GEWETENSKLOUSULE

J. P. OBERHOLZER
F. J. VAN ZYL
J. G. M. DREYER (Sr.)

HAUM

1975

RONDOM

DIE

GEWETENSKLOUSULE

DRIE VOORDRAGTE

deur

J. P. OBERHOLZER

F. J. van ZYL

J. G. M. DREYER (Sr.)

Inhoud

Die gewetensklousule — Prof. dr. J. P. Oberholzer 7

Christelike wetenskap — Prof. dr. F. J. v. Zyl 25

Groepskole — Ds. J. G. M. Dreyer (Sr.) 39

DIE GEWETENSKLOUSULE

1.1. Die Algemene Kerkvergadering Nederduitsch Hervormde Kerk van 1970 het 'n besluit geneem wat soos volg lui:

> „Hierdie vergadering besluit dat die Nederduitsch Hervormde Kerk sy beproefde standpunt van handhawing van die beginsels in die gewetensklousule vervat, herbevestig en dring by enige poging tot herformulering daarvan aan op handhawing en behoud van sowel die reg van die gemeenskap om die gees en rigting van die onderwys te bepaal as die beginsel van godsdiensvryheid soos verskans in die grondwet van die Republiek van Suid-Afrika."

Daar is dus 'n beproefde standpunt van die kerk en daar is pogings tot 'n herformulering van die gewetensklousule. Maar wat is die gewetensklousule?

1.2. Die gewetensklousule is 'n klousule in die wetgewing op hoër onderwys en word in die wetgewing gewoonlik aangedui deur die byskrif: „Verbod op godsdienstige toets." Die verbod is in die eerste universitêre wetgewing wat in Suid-Afrika aangeneem is, opgeneem, naamlik die University Incorporation Act (**Wet No. 16 van 1873**). Daar lui die klousule (artikel XXIV):

> „No religious test shall be administered or proposed to any person in order to entitle him to be admitted as an undergraduate of the university of the Cape of Good Hope, or to hold office therein, or to graduate thereat, or to enjoy any advantage or privilege thereof."

Aangesien die universitêre wetgewing in ons land op Britse lees geskoei is, is dit van besondere belang om die voorgeskiedenis van die gewetensklousule in Brittanje na te gaan. In Engeland, Skotland en Ierland is aanvanklik die beginsel gevolg dat alleen persone wat die staatsgodsdiens bely het, geskik was vir die staatsdiens (waaronder onderwys aan skole sowel as universiteite). In 1871 is toe met betrekking tot die universiteite van Oxford, Cambridge en Durham die University Tests Act aangeneem, wat onderskrywing van die geloofsbelydenis van die Church of England, alle verklarings en ede met betrekking tot geloofsopvatting, en alle verpligte bywoning van eredienste in die universiteite afgeskaf het. In Skotland is alle geloofstoetse finaal in 1889 afgeskaf en in Ierland in 1873.

In Brittanje was die geskiedenis dus so dat daar begin is met geloofstoetse vanaf die kerkhervorming, en dat daar geëindig is met 'n gewetensklousule, wat deur Halsbury (The Laws of England, Vol. 12, p. 93) as volg weergegee word:

> „No person taking a degree (otherwise than in divinity) or holding any lay office can be required to make any declaration or be subjected to any disability in respect of his religious belief, or be called upon to attend public worship of any church or sect to which he does not belong. No one can be compelled to attend any lecture to which he objects on religious grounds."

Hieruit is dit duidelik dat bewerings as sou die gewetensklousule in ons wetgewing gekom het as gevolg van die eise gestel deur twee Britse Jode, Otto Beit en Julius Wernher, by geleentheid van hulle gesamentlike skenking van 'n miljoen rand vir die oprigting van die Kaapse universiteit, om die minste te sê, uit die lug gegryp is. Nie alleen het die gewetensklousule toe al lank op die wetboek gestaan nie, maar ook het die kwessie van 'n verbod op godsdienstige toetse nie ter sprake gekom in die onderhandelinge oor die Wernher-Beit skenking nie.

1.3. In 1916 is die wette op die Universiteit van Suid-Afrika, die Universiteit van Stellenbosch en die Universiteit van Kaapstad aangeneem (Wette Nos. 12, 13 en 14 van 1916). In hierdie wette lui die betrokke artikel ongeveer soos volg:

> „Niemand mag op enigerlei wyse aangaande sy godsdiens getoets word nie as voorwaarde om 'n graad aan die Universiteit te verkry of te behou, of om 'n professor, lektor, dosent of student aan die Universiteit te word of te bly, of om daarin 'n amp te beklee of besoldiging te ontvang of 'n voorreg uit te oefen en niemand mag op grond van sy godsdiens bevoorreg of te kort gedoen word nie."

In die Wet vir die Addisionele Reëling van die Hoër Onderwys (No. 20 van 1917), wat die sake van die vier universiteitskolleges van Transvaal, Witwatersrand, Natal en O.V.S. gereël het, is dieselfde klousule met geringe wysiging opgeneem, en sindsdien vorm die gewetensklousule 'n onafskeidbare deel van alle universiteitswetgewing, met uitsondering van die wetgewing op die Bantoe-, Indiër- en Kleurlinguniversiteite.

1.4. In drie gevalle is daar van die tradisionele formulering afgewyk, naamlik in die wetgewing vir die Universiteit van Port Elizabeth, waar die bewoording verander is

sonder dat die inhoud van die artikel verander is, die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, waar 'n belangrike wysiging in die klousule aangebring is, en die Randse Afrikaanse Universiteit, waar getrag is om met 'n positiewe formulering die negatiewe aspekte van die klousule uit te skakel en die positiewe te behou.

In die Potchefstroomse wet lui die klousule (met kantskrif „Handhawing van die Christelike karakter van die Universiteit sonder 'n denominasionele toets"):

"1. Die Raad moet by benoeming van doserende, navorsende en administratiewe personeel sorg dra dat die Christelike historiese karakter van die Universiteit gehandhaaf word; met dien verstande dat geen denominasionele toets toegepas word nie as voorwaarde om 'n graad aan die Universiteit te verkry of te behou of om 'n professor, navorser, lektor, dosent of lid van die administratiewe personeel aan die Universiteit te word of te bly, of om daarin 'n amp te beklee of besoldiging te ontvang of 'n voorreg uit te oefen.

2. Niemand word op grond van sy geloofsoortuiging verhinder om 'n student aan die Universiteit te word of te bly of 'n graad daarin te verkry of te behou nie."

Die Wet op die Randse Afrikaanse Universiteit (No. 51 van 1966) het nie 'n gewetensklousule in die gewone sin van die woord nie, maar artikel 20 („Toelating tot Universiteit") lui:

> „'n Student, navorser, professor, lektor of ander dosent of lid van die administratiewe of biblioteekpersoneel word in die Universiteit opgeneem op grond van akademiese en administratiewe kwalifikasies en bekwaamhede."

Hierdie klousule moet gelees word teen die agtergrond van die aanhef van die wet, waar die karakter van die universiteit soos volg vasgestel word: „Nademaal daar 'n begeerte bestaan dat 'n universiteit met 'n Afrikaanse gees en karakter en waar die beginsels vervat in die aanhef van die Grondwet van die Republiek gehandhaaf word, aan die Witwatersrand tot stand gebring word . . ." Die aanhef van die Grondwet van die Republiek lui:

> „In nederige erkentlikheid teenoor die Almagtige God, Beskikker oor die lotgevalle van nasies en die geskiedenis van volkere;

Wat ons voorgeslagte uit baie lande byeengebring het;

Wat hulle weë deur geslagte bepaal het;

Wat hulle so wonderlik deur gevare gelei het;

Verklaar ons, wat hier as verteenwoordigers van die volk vergader is, dat dat aangesien ons;

Bewus is van ons verantwoordelikheid voor God . . ."

1.5. Die stryd teen die gewetensklousule het ontstaan toe die Potchefstroomse Universiteitskollege, voorheen die literariese afdeling van die teologiese seminarium van die Gereformeerde Kerk, in 1919 aansoek gedoen het om een van die konstituerende kolleges van die Universiteit van Suid Afrika te word onder Wet No. 20 van 1917. Dit het geskied in 1921, sonder 'n gewetensklousule in die wet, maar op voorwaarde dat die Christelike karakter van die kollege gehandhaaf sal word sonder aanwending van 'n denominasionele toets, terwyl by die toelating van studente geen godsdienstige toets toegepas kon word nie. Om sy besondere karakter te kon behou, sonder die gewone gewetensklousules, moes Potchefstroom genoeë neem met 'n verminderde subsidie, wat slegs by ministeriële diskresie verhoog kon word. Dié toestand het bestaan tot 1933 toe die finansiële beperking opgehef is en die gewetensklousule opgeneem is in die Private Wet op die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike Hoër Onderwys (5/1933, art. 5). Daarin het 'n verandering gekom deur die gewysigde gewetensklousule in die Private Wet op die P.U. vir C.H.O. (19/1960, art. 31). In die Wet op Afsonderlike Universiteitsopleiding en in die latere wetgewing op die afsonderlike universiteite vir die onderskeie nie-blanke volksgroepe, kom geen gewetensklousule voor nie. Die argumente wat vir die weglating van die klousule gebruik is, was hoofsaaklik die volgende:

1. Die wysiging van die klousule ten opsigte van Potchefstroom het 'n nuwe bedeling ingelui.
2. Die lewenshouding van die volk is die sekerste waarborg vir godsdiensvryheid.
3. Die Bantoe-kolleges moet op Christelike grondslag opgebou word.
4. Waar bestaande universiteite deur outonome rade beheer word wat miskien nog 'n norm nodig het, berus die verantwoordelikheid vir die handhawing van godsdiensvryheid en die bevordering van 'n godsdienstige volksaard in die Bantoe-kolleges by die minister wat aan die parlement self verantwoordelik is.

Die skrapping van die klousule uit die wetgewing op die Bantoe Universiteitskolleges is op sy beurt as argument gebruik in die besluite van die onlangse onderwyskongres (1969) in hierdie verband:

> „Die kongres betuig sy opregte dank aan die owerheid dat die ‚gewetensklousule', wat met die totstandkoming van die Universiteitskolleges vir nieblankes uit die wetsontwerp verwyder is, ook by die selfstandigwording van voormelde inrigtings weggelaat is.
>
> Die kongres versoek die betrokke Rade van Universiteite waar ons jongmense opgelei word om van hulle reg gebruik te maak om vertoë tot die owerheid te rig om hierdie klousule, wat 'n uitvloeisel van die verouderde en valse neutraliteitsideaal van die positivisme is en strydig is met die reeds aanvaarde Christelik-nasionale onderwysbeleid, deur positief christelike wetgewing te vervang."

Aanvanklik is die stryd teen die gewetensklousule deur Potchefstroom gevoer deur te pleit vir 'n uitsondering op grond van die vryheid wat 'n universiteit behoort te hê om sy eie karakter te bepaal. Toe die uitsondering eenmaal gemaak is, is dit voorgehou as 'n nuwe bedeling wat algemeen toegepas moet word.

Die geskiedenis van die stryd oor die gewetensklousule weerspieël tegelyk die sukses waarmee die geestesgoed van Abr. Kuyper in Suid-Afrika bevorder is.

1.6. Die besware teen die gewetensklousule is van verskillende aard. Baie van die besware het egter hulle oorsprong in die gedagtes van die Nederlandse teoloog Abraham Kuyper, die stigter van die Gereformeerde Kerke van Nederland, en die geestelike vader van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Veral twee motiewe van Kuyper en sy navolgers se neo-Calvinisme is telkens op die voorgrond gebring, naamlik die groepsbeginsel en die eis om Christelike Wetenskap. Die groepsbeginsel wil lei tot groepskole en groepsuniversiteite vir die verskillende gesindtes. Die gedagte van Christelike Wetenskap wil dat alle wetenskap „christelik" sal wees — iets wat in die praktyk neerkom op die aanvaarding van die filosofiese gedagtes van neo-Calvinistiese denkers. Dit het in die verlede herhaaldelik geblyk dat hierdie geestesstroming onverdraagsaam en imperialisties is, en dat die skrapping van die gewetensklousule die geopende deur moet voorsien vir die wyer oogmerke van oorheersing aan universiteite, eerstens deur dié bepaalde denkpatroon, en uiteindelik deur kerke.

1.6.1. Onder die besware wat met verloop van tyd teen die handhawing van die gewetensklousule ingebring is, is die volgende die belangrikste:

1. Die klousule berus op die gedagte dat die wetenskap neutraal is, 'n totaal onhoudbare gedagte, omdat die lewensopvatting van die wetenskaplike (bewus of onbewus) steeds bepalend meespreek in sy interpretasie en evaluering van feite, en in die aanbieding van sy bevindings.
2. Die klousule maak dit onmoontlik om die soewereiniteit van God en die gesag van sy Woord, ten opsigte van die universitêre onderwys te laat geld. Daarom is die klousule ook in stryd met die grondwet van die Republiek.
3. Dit beteken 'n verslawing van die Universiteit aan die Staat, was slegs een van die belanghebbendes is (saam met 'n groep uit die gemeenskap en die korps akademici). Die universiteit moet die vryheid hê om self sy karakter te bepaal.
4. Dit beskerm alleen die dosent, en veral die ongelowige dosent, maar nie die student nie, wat op universiteit kom terwyl hy nog ontvanklik is vir lewensbeskoulike beïnvloeding en nog nie die gawe van onderskeiding en weerstand het nie. Dit skep dus in werklikheid 'n toestand van onverdraagsaamheid teenoor die Christelike vryheid en gewete.
5. Dit ontken die reg van die ouer om op grond van sy doopgelofte te eis dat sy kind se onderwys en opvoeding deur die Christelike gesindheid bepaal sal word en is dus 'n vorm van gewetensdwang.
6. Dit dwing die universitêre opvoeding en onderwys in 'n algemene groef op een kleurlose model vir almal, en verhinder differensiasie ten opsigte van lewensbeskouing en geloof.
7. Dit maak die opleiding (aan universiteite met die ongewysigde klousule) van onderwysers wat moet uitvoering gee aan die bepalings van Wet No. 39 van 1967, onmoontlik, want in dié wet word bepaal dat die onderwys 'n Christelike en 'n breë nasionale karakter sal hê.

1.6.2. Oor hierdie besware kan die volgende opmerkings gemaak word:

By 1.: Ook voorstanders van die behoud van die gewetensklousule sal toegee dat wetenskapsbeoefening nie in 'n neutrale vakuum geskied nie. Feit is egter dat,

afgesien van Filosofie, Opvoedkunde en verwante geesteswetenskappe, daar nog weinig of niks aan „Christelike" wetenskap tevoorskyn gekom het nie. Dit kom voor of voorstanders van die Christelike Wetenskap nie verder kom as die propagering van hulle filosofie nie. 'n Mens hoef slegs te let op die geweldige verskuiwing in die teologie wat hom die afgelope dekade in die Gereformeerde Kerken in Nederland voltrek het, om te besef dat die Christelike Wetenskapsgedagte homself nie kon handhaaf nie. Die rede daarvoor is sekerlik nie die feilbaarheid van die Christelike geloof nie, maar wel die feit dat ons in die Christelike Wetenskap met 'n filosofiese sisteem te doen het wat soos alle filosofiese sisteme van verbygaande aard is.

By 2.: Die soewereiniteit van God en die gesag van sy Woord word nóg deur die aanwesigheid nóg deur die afwesigheid van 'n wetsklousule gehandhaaf, maar kom tot gelding oral waar mense onder hierdie gesag buig. Hierdie beswaar gee eintlik te kenne dat die klousule die benoeming van Christen-dosente verbied, en omdat dit geensins die geval is nie, kan ons dit daar laat.

By 3: Die regering het reeds te kenne gegee dat die verwydering of wysiging van die klousule by die universiteite self berus. Hierdie beswaar geld dus nie meer nie. Die imperialisme van die filosofiese sisteem dwing hom egter telkens 'n stap verder. Nog betreklik onlangs het voorstanders van die skrapping van die klousule verklaar dat hulle skrapping bepleit slegs ten opsigte van universiteite wat dit self verlang of nuwe universiteite ten opsigte waarvan die persone wat die stigting inisieer, dit so wil hê. Die onderwyskongres van 1969 vra egter die skrapping van die klousule by alle universiteite. ('n Besluit wat op hoë kongresemosie en op voorstel van die afgevaardigdes van die V.C.H.O., waarvan die neo-Calvinistiese sisteemdenke welbekend is, geneem is.)

By 4.: Van al die besware het hierdie een die grootste skyn van geldigheid. Dit moet dan ook in erns onder oë gesien word. Indien dit waar is dat die klousule studente blootstel aan lewensbeskoulike invloeding deur ongelowige dosente, is die huidige bewoording daarvan in elk geval nie houdbaar nie. Voorlopig wil ons egter volstaan met 'n vraag: Het die Raad van die Universiteit van Pretoria, met die ongewysigde klousule, minder mag en moontlikheid as die Rade van P.U. vir C.H.O. en R.A.U., met gewysigde klousules, om op te tree teen 'n dosent wat poog om die geloofsoortuiging van studente te ondergrawe?

By 5.: Met die huidige bedeling waar die klousule reeds by sommige universiteite gewysig is, verval ook hierdie beswaar.

By 6.: Hierdie beswaar berus op die groepsbeginsel van die neo-Calvinisme. Feit is dat differensiasie tot op groot hoogte reeds plaasgevind het en dat die bestaande universiteite elk 'n duidelik waarneembare gees en rigting vertoon. Die groepsbeginsel voer egter tot die konsekwensie van kerkskole en kerkuniversiteite.

By 7.: Die konsekwensie van dié beswaar is dat universiteite met die onveranderde gewetensklousule verbied behoort te word om onderwysers op te lei. Die Wet op Onderwyseropleiding het egter die opleiding vir sekondêre onderwys na universiteite verplaas afgesien van die gewetensklousule. Die owerheid ag die uitvoering van die wet dus nie onmoontlik nie, en die universiteite ag dit moontlik dat hulle wel onderwysers kan oplei wat aan die eise van die wet voldoen, afgesien van die gewetensklousule.

1.7.1. Die argumente vir die behoud van die klousule wat met verloop van tyd gestel is, kan as volg saamgevat word:

1. Die skrapping of wysiging van die klousule is onnodig, omdat die bestaan of die weglating daarvan geen verskil maak aan die tradisie en karakter van 'n universiteit nie. Daar word gewys op die bestaan van teologiese fakulteite en departemente aan universiteite wat die gewetensklousule onveranderd handhaaf, in drie gevalle (U.P., U.S. en Rhodes) deur ooreenkomste met kerke waar die benoeming van dosente in die Teologie op voordrag van die kerke gedoen word. Daarnaas is daar Bybelkundedepartemente aan verskillende universiteite.
2. Skrapping of wysiging van die klousule is 'n poging van kerklike kant om deur middel van 'n wetsartikel die Christelike (of kerklike) invloed op mense af te forseer, en is derhalwe 'n poging om die godsdiensvryheid aan bande te lê.
3. Die waarheid van die Christelike geloof dra in sigself die krag om te triomfeer. Die universiteit is vanweë sy eiesoortige aard juis die plek waar die studente deur kennisname van uiteenlopende standpunte moet worstel om tot 'n eie oortuiging te kom. Geen kunsmatige middel kan die waarheid beskerm of laat triomfeer nie.
4. Die gewetensklousule is 'n waarborg vir vryheid van denke en navorsing.

5. Skrapping van die klousule, en die gevolglike aanlê van godsdienstoetse, is nie 'n doeltreffende middel om te bepaal of die dosent 'n waaragtige gelowige is nie. Godsdienstoetse kan trouens onopregtheid in die hand werk.
6. Die klousule bied beskerming aan godsdienstige minderhede wat andersins nie toegang tot die dosentekorps sal hê nie.
7. Die universiteit sowel as die staat is selfstandige lewenskringe, elk met sy eie karakter. Die aanlê van geloofstoetse hoort nie tot die funksie van een van die twee nie, en bring die gevare mee dat die universiteit betrokke raak by leergeskille en 'n verlengstuk van die (of eerder 'n bepaalde) kerk word.
8. Skrapping van die gewetensklousule tref na alle kante toe, en open die weg vir alle gesindtes, Christelik en on-Christelik; om universiteite met staatsteun te onderhou. So sou die staat ingespan kon word om akademiese versplintering te subsidieer.

1.7.2. Ook hier is enkele opmerkings ter sake. Dit is duidelik dat ook hierdie argumente nie almal steekhou nie.

By 2.: Skrapping of wysiging van die klousule beteken nie noodwendig dat godsdiensvryheid aan bande gelê of dat die Christelike of kerklike invloed op mense af geforseer word nie. Dat die moontlikheid daarvoor geskep word, is wel waar, en die voorstanders van die skrapping of wysiging van die klousule skep dikwels die indruk dat dit vir hulle gaan om invoering van hulle bepaalde neo-Calvinistiese of kerklike opvattings aan universiteite. Die gees en rigting van 'n universiteit word egter deur raad, dosentekorps en studente as totaliteit bepaal.

By 3.: Hierdie argument gee toe dat behoud van die klousule die student voor uiteenlopende standpunte plaas en hom tot 'n worsteling om 'n eie oortuiging bring. Is so 'n standpunt in ons tyd nog houdbaar, gesien die omvattende pogings om ook in ons land die gedagtes van studente-rewolusie en teenkultuur te laat ingang vind? Moet negatiewe beïnvloeding nie juis so ver moontlik uitgeskakel word en die positiewe Christelike opvoeding meer klem ontvang nie?

By 4.: Dit kan seker nie met reg beweer word dat daar aan P.U. vir C.H.O. of aan R.A.U. minder vryheid van denke en navorsing bestaan as aan universiteite met

die ongewysigde klousule nie. Die vryheid van denke wat tot nie-Christelike oortuigings lei, is tog vir ons net so onaanvaarbaar.

By 5.: Hierdie beswaar sou selfs op kerklike terrein geopper kon word, en het min om die lyf. In praktyk blyk dat P.U. vir C.H.O. 'n bewys van kerklidmaatskap as toets beskou. In hoeverre dit strook met die bepaling dat hy geen denominasionele toets mag toepas nie, is onseker.

By 6.7.8.: Myns insiens het ons hier te doen met die mees wesenlike besware teen die skrapping van die klousule. Sou byvoorbeeld die voorstanders van strominge soos die University Christian Movement, die Wêreldraad van Kerke, Student Power en Black Power, wat die godsdienstoets aan sekere universiteite beslis sou slaag as dit sou bestaan het, die vryheid en voorreg gegun moet word om hele universiteite te oorheers? Dosente met staatsgevaarlike en ondermynende opvattings kan dus met godsdienstoets en al aan ons universiteite plek kry.

2.1. Waar dit tans nodig is dat die Ned. Hervormde Kerk opnuut rekenskap sal gee van sy standpunt oor die gewetensklousule, is dit nodig om eers te bepaal wat die houding van die kerk oor onderwys en opvoeding is, en dan meer spesifiek op die universitêre vlak.

2.1.2. Die kerk het heelhartig met die ander Afrikaanse kerke saamgewerk op die Interkerklike Kommissie vir Opvoeding en Onderwys wat hom beywer het vir die opheffing van verdeelde beheer en vir 'n nasionale onderwysbeleid, en het die aanname van Wet No. 39/1967 met dankbaarheid en vreugde begroet. Hierdie houding is in ooreenstemming met artikel X van die Wet en Bepalings van die kerk wat soos volg lui:

> „Aan die Kerk is opgedra die samewerking aan die vorming van die geestelike lewe van die jeug wat sy plek in die gemeente en in die wêreld moet inneem; om medeverantwoordelik te wees vir die opvoeding en onderwys van die jeug van die hele volk, in huisgesin en skool, in 'n Christelik-nasionale gees."

In artikel 58 word as taak van die Raad vir Opvoeding en Onderwys gestel:

> „(a) om die godsdiensonderwys op die skole en ander onderwysinrigtings te bevorder;
>
> (b) om sorg te dra dat die Christelike karakter van die skool gehandhaaf en uitgebou word;"

2.1.3. Die houding van die kerk oor die onderwys blyk verder uit die volgende besluite van die Algemene Kerkvergadering in 1961:

„(1) **Die Huis**

Ons glo dat die onderwys en die opvoeding van die kind die plig en die reg van die ouers, die Kerk en die owerheid is; die owerheid in medewerking met die ouers en die Kerk oor die gees en rigting van die skoolopvoeding volgens die Woord van God moet beslis en dat die ouers in die beheer van die skole en toesig oor die onderwys seggenskap moet hê.

(2) **Die Kerk**

Ons glo dat die Kerk groot belang by die skool het en sy medewerking aan die owerheid moet verleen by die toesig hou oor die gees en rigting van die opvoeding en dus ook van die skoolopvoeding en dat hy moet toesien dat die ideale van die Christelike godsdiens in die onderwys en opvoeding van sy jeugdige lidmate nagestreef word.

(3) **Die Owerheid**

Ons glo dat die owerheid 'n instelling van God is vir die handhawing van die reg in die menslike samelewing omdat dit die draer van die gesag en mag is, dat hy (die owerheid) verplig is om te sorg vir die oprigting en instandhouding van skole en om volle beheer daaroor te behou en in samewerking met die ouers en die Kerk oor die gees en rigting van die skool volgens die eise van die Woord van God moet beslis; om toe te sien dat in die skool reg geskied, die onderwys van 'n goeie wetenskaplike gehalte is en dat 'n behoorlike peil van volksopvoeding gehandhaaf bly, dat die vorming van die kind wat op skool plaasvind ook sedelike vorming is.

(4) **Die Skool**

Ons glo dat die skool sy reg en mag van onderwys en opvoeding vanweë die owerheid en die ouers ontvang en dat dit dus die kinders volgens die Evangelie en hul nasionale verband moet opvoed. Maar ons glo dat die skool sy funksie in opdrag van die owerheid en die ouers selfstandig moet uitoefen. Ten opsigte van die metode van onderwys en

opvoeding moet die skool binne die bepalings van onderwyswette en ordonnansies en die vereistes van voorgeskrewe leerplanne, oor die metode van onderwys die skooltug en die organisasie van skoolwerksaamhede belis."

2.1.4. In 'n beleidstuk wat in 1964 as amptelike standpunt van die kerk aanvaar is, kom die volgende voor:

„— In ons opvoeding en onderwys wil ons ons beywer vir die handhawing, uitbouing en voortsetting van 'n spesifiek Bybels-Reformatoriese lewe.

— Ons huldig en handhaaf die skepsel-sondaarskap van die mens voor God. Die mens is persoon en as sodanig is hy aangesprokene en bevraagde en tot verantwoording geroepene voor God.

— Die mens is geskapene vir mede-menslike betrokkenheid en as sodanig is hy tot diensbaarheid geroep. Waar die Kerk die waardigheid en verantwoordelikheid van die skepsel-sondaar handhaaf, daar moet die Kerk daardie waardigheid in verantwoordelikheid beskerm, ook deur die nie-volwassene onder simpatieke gesagsleiding te steun om 'n volwaardige, verantwoordelike volwassene te word.

— Die doel van die opvoeding en die onderwys is om die mens tot daardie volwassenheid te bring waarin hy verantwoordelik voor God en in diensbetoning voor sy medemens volwaardig sal lewe.

— Waar die Kerk hom beywer vir die verstewiging en gedurige uitbouing van die Christelik-historiese karakter van die skoolaktiwiteite, handhaaf hy die noodsaaklikheid van gewetensvolle onderrig in die Bybelse waarhede en daarby aansluitend die verantwoordelike bybring van kennis, kundighede en vaardighede."

2.1.5. Wat betref die interpretasie van die Christelike gees in die onderwys, het die kerk homself uitgespreek téén die opvatting dat die skoolonderwys neutraal moet wees én teen die opvatting dat die skool 'n verlengstuk van die kerk moet wees; die laasgenoemde betref die vraag van 'n partikulier-kerklike inhoud van die Christelike geloofsleer, en hang saam met die gedagte van groepskole.

2.1.6. Die kerk het hom herhaaldelik uitgespreek téén groepskole en ten gunste van staatsbeheerde volkskole.

2.2. Oor universitêre onderwys het die kerk, afgesien van sy verklaarde standpunt ten opsigte van die gewetensklousule, weinig uitsprake gedoen.

2.2.1. Belangrik is egter die opvatting wat die kerk ten opsigte van die opleiding van sy predikante gehandhaaf het, naamlik dat die opleiding aan 'n universiteit moet geskied, en nie aan 'n kerklike kweekskool nie. Die ooreenkoms tussen kerk en universiteit wat mettertyd ontstaan het, maak wel voorsiening vir die benoeming van dosente op voordrag van die kerk, maar dit geld slegs die Teologiese Fakulteit. Vir die propaedeutiese opleiding vertrou die kerk sy studente toe aan die opleiding deur dosente wat deur die universiteit self benoem word.

2.2.2. Die voornemende predikante van die kerk ontvang dus gedurende die eerste drie jaar van hulle opleiding onderrig saam met studente wat vir ander beroepe opgelei word, van dosente wat nie aan kerklike keuring onderworpe is nie, terwyl hulle gedurende die volle studietydperk deel het aan die universitêre lewe in al sy skakeringe, aan 'n universiteit waar die gewetensklousule steeds onveranderd bestaan.

2.2.3. Die kerk het hom herhaaldelik uitgespreek ten gunste van universitêre opleiding vir onderwysers, en het getuienis afgelê ten gunste van die oorspronklike wetsontwerp vir die opleiding van onderwysers, sonder enige gedagte aan die wysiging of verwydering van die gewetensklousule, maar in die bewustheid dat sodanige universitêre opleiding sou geskied onderhewig aan, en met die oog op die toepassing van, Wet No. 39/1967, waar bepaal is dat die onderwys in die skole 'n Christelike karakter moet dra.

2.2.4. In sy memorandum oor die wese en funksie van die universiteit het die kerk hom soos volg uitgelaat oor die opvoedingstaak van die universiteit:

> „Die universiteit moet naas en saam met die ouerhuis, die kerk en die skool meewerk aan die vorming van die student, sodat hy as waardige, verantwoordelike en pligsgetroue mens sy plek in die gemeenskap kan inneem. Hiervoor is dit noodsaaklik dat die student bewus sal wees van die waardes en norme (beliggaam in die geloof) wat die grondslag van die sinvolle lewe, die meetsnoer van beoordeling en die rigsnoer vir die toekoms van die individu en die gemeenskap uitmaak."

In die lig van artikel X van die Kerkwet hierbo aangehaal, is die waardes en norme wat die grondslag vir 'n sinvolle lewe moet vorm, vir die kerk dié wat Christelik-nasional van gees is.

2.2.5. Oor die outonomie van die universiteit is in dieselfde memorandum die volgende standpunt gestel:

> „Die universiteit is deel van die gemeenskap, het daaruit voortgespruit, is daardeur tot stand gebring, word daardeur gedra en is gerig op dienslewering aan die gemeenskap. Om die diens te kan lewer, moet die universiteit bepaalde spesifiek-universitêre aktiwiteite onderneem.
>
> Sy verbondenheid en deelhebbing aan en sy gerigtheid op die gemeenskap, maak dat die universiteit se personeel en studente, asook die inrigting as geheel, nie in isolasie bestaan of 'n soort internasionale eiland in die see van die volk is nie. Dieselfde waardes en norme wat vir die gemeenskap geld, geld ook vir die universiteit en die universiteit moet daaraan gehoorsaam wees.
>
> Omdat die universiteit egter 'n eiesoortige liggaam binne die gemeenskap is en sy eie spesifieke take het, is daar norme wat spesifiek vir die universiteit geld, byvoorbeeld die norme van wetenskaplikheid en navorsing en die norme van geldigheid van wetenskaplike uitsprake en resultate.
>
> Die outonomie van die universiteit kan dus alleen beteken dat die universiteit vry gelaat word om op sy eie wyse sy taak en roeping binne en vir die gemeenskap te volvoer, maar steeds ondergeskik aan die groter geheel van die gemeenskap."

Die gemeenskap waarvan hier sprake is, is die volksdeel tot beskikking waarvan die universiteit homself stel deur die keuse van sy voertaal en sy grondslag. Waar die kerk hom in die verlede vereenselwig het met die Afrikaanswording van die Universiteit van Pretoria en die oprigting van die Randse Afrikaanse Universiteit, en met die grondslag van hierdie universiteite as synde in ooreenstemming met die wense van dié bevolkingsdeel in diens waarvan hierdie universiteite staan, het hy konsekwent 'n differensiasie wat sou voer tot 'n universiteitswese wat in hoofsaak die kerklike verdelinge in die land volg, afgewys. In die praktyk het dit so ontwikkel dat, met behoud van die gewetensklousule, elke universiteit in die land 'n eie karakter vertoon, en dat alle bevolkingsdele deur die universiteitswese bedien word. Hier kan die vraag tereg gestel word of

daar enige verskil in gees en rigting is tussen die Potchefstroomse Universiteitskollege vir C.H.O. met die onveranderde gewetensklousule en die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. met die veranderde klousule.

3.1. In die debat oor die gewetensklousule het die klousule lank reeds alle belangrikheid verloor. In die volksraadsbedat oor die Private Wetsontwerp op die P.U. vir C.H.O. (1950) is dit trouens deur voorstanders sowel as teenstanders van die gewysigde klousule beweer dat die klousule aan die karakter en tradisie van 'n universiteit geen verskil maak nie. Soos vroeër in hierdie voordrag aangetoon, is die stryd teen die gewetensklousule hoofsaaklik 'n stryd ten gunste van een spesifieke rigting in die gereformeerde protestantisme.

3.2. Dit is ten oorvloede duidelik dat skrapping van die klousule of wysiging daarvan, indien dit moet geskied in die gees en met die uitgesproke opset van die Gereformeerde Kerk en die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys, slegs die middel is waardeur die deur geopen moet word vir die neo-Calvinistiese wetenskapsbeskouing en die groepsbeginsel. Die Nederduitsch Hervormde Kerk sou homself ontrou wees indien hy op welke wyse ook al sou meehelp tot die bevordering van hierdie denkrigting.

3.3. Skrapping van die klousule open die weg vir die Raad van 'n universiteit om 'n godsdienstige toets aan te wend by die benoeming van en die beslissing oor die voortgesette diens van personeellede. Die godsdienstige toets kan verskillende vorms aanneem. Dit is egter onvermydelik dat so 'n toets sal geskied teen die agtergrond van 'n uitgesproke of onuitgesproke geloofsbelydenis. Die universiteit sal dus óf 'n geloofsbelydenis van sy eie moet aanvaar óf sodanige toets moet aanlê in die lig van die geloofsbelydenis van die kerk of kerke wat oorheersende invloed in die Raad het.

3.3.1. Onvermydelik lei verwydering van die klousule dus tot 'n universiteitswese wat die verlengstuk van die kerk is. So 'n situasie tas die outonomie van die universiteit as afsonderlike lewenskring aan en maak die universiteit 'n onvolwasse wese wat deur die kerk aan die hand gelei word.

3.3.2. In so 'n situasie is die universiteit betrokke by alle leergeskille waarby die kerk betrokke is. Indien die Christelike wetenskapsgedagte óók nog aan die universiteit geld, kan 'n leergeskil alle fakulteite aan die universiteit raak, met verwoestende gevolge vir die wetenskaplike onderrig. Die feilbaarheid van die kerklike vergaderinge oor sake van die leer is in die geskiedenis

evident. Ons hoef in hierdie opsig slegs te wys op die leeruitspraak wat deur die Assense sinode van die Gereformeerde Kerken in Nederland in 1926 gemaak is oor die eksegese van Gen. 2 en 3, en die volledige herroeping van die uitspraak deur die Lunterense sinode in 1967.

3.4. As opvoedingsinrigting en geestelike kultuursentrum wat binne die wyer gemeenskap van die volk of 'n volksdeel leef en werk, het die universiteit wel 'n gronslag, ook al is dit nie 'n geskrewe grondslag nie. Prof. C. H. Rautenbach het hierdie geestelike grondslag geformuleer as „'n beroep op die akademiese gemeenskap om sy hoë roeping as geestelike kultuursentrum getrou te handhaaf en sy taak van versterking en ontwikkeling van geestelike waardes te vervul." Teen hierdie agtergrond is die gedrag en optrede van dosente, binne én buite die lesingkamer, geen indifferente saak nie. Die norme wat geld by die dissiplinering van dosente kan dus nie suiwer akademies wees nie, maar moet minstens ooreenstem met die openbare gedragsnorme van die gemeenskap in diens waarvan die universiteit staan. Vir die kerk geld hier weer eens die vereiste dat sodanige norme dié sal wees wat 'n Christelik-nasionale gees in die universitêre opvoeding sal verseker.

3.4.1. Die kerk het in die verlede die oortuiging uitgespreek dat die universiteit oor die mag en vryheid beskik om 'n bepaalde gees en rigting in sy opvoedingsarbeid te verseker en te handhaaf met behoud van die gewetensklousule. Niks het ondertussen gebeur wat hierdie oortuiging sou kan verander nie, en soos in die verlede moet die kerk die moontlikheid van 'n leertug deur 'n ander instansies as die kerk en met middele wat die kerk nie eie is nie, afwys.

3.4.2. Dat die universiteit van sy kant die reg en die plig van die kerk om deur prediking, sakrament en tug die ordelikheid en welvoeglikheid onder sy lidmate te verseker, moet erken en niks mag doen om dit te verhinder nie, is vanselfsprekend. Die universiteit moet in ag neem dat die openbare gedragsnorme waaraan hy die gedrag van sy personeel meet grotendeels dié is wat deur die kerk as die belangrikste faktor in die gemeenskap bevorder en voorgehou word.

3.4.3. Die gees en rigting, of karakter en tradisie, van die universiteit hang dus ten nouste saam met die rol wat die kerk speel in die gemeenskap waarbinne die universiteit leef. Indien die gemeenskap nie homogeen is nie en nie aan die invloed van slegs een kerk onder-

hewig is nie, kan daar aan die universiteit ook geen homogeen-kerklike gees heers nie. Indien die gewetensklousule verwyder moet word met die oog daarop, word die universiteit blootgestel aan die druk van onderling konkurrerende kerke, tot nadeel van universiteit én kerk.

3.4.4. Oorheersing van die gees en rigting van die universiteit deur één kerk, bring 'n wanverhouding tussen universiteit en gemeenskap op so 'n wyse dat die universiteit as selfstandige lewenskring nie alleen sy outonomie inboet nie, maar bowendien geen ruimte bied vir die vrye deelname van die godsdienstige en kerklike minderhede in die akademiese arbeid nie.

4. Na bostaande oorsig van die historiese gang van sake rondom die gewetensklousule, die standpunte van die kerk oor opvoeding en onderwys en die houding van die kerk teenoor die strewe om skrapping van die klousule, is dit nou nog nodig om aandag te gee aan die vraag of die klousule soos dit byna honderd jaar gelede geformuleer is, onveranderd gehandhaaf behoort te word.

4.1. Dit is duidelik dat in die strewe om skrapping of wysiging van die klousule sekere motiewe aanwesig is wat die gesonde outonomie van universiteite bedreig en die welsyn van die universitêre onderwys, opvoeding en navorsing ernstig kan benadeel.

4.2. Tegelyk is dit duidelik dat die Nederduitsch Hervormde Kerk in sy uitsprake oor onderwys en opvoeding bepaalde waardes en norme voorstaan wat óók aanwesig is in die strewe om die klousule te skrap of te wysig. Die vraag is of die kerk ten opsigte van universitêre onderwys 'n ander standpunt kan handhaaf as ten opsigte van skoolonderwys.

4.3. Van die kant van individue in die kerk, wat daarin die kerklike standpunt weergegee het, is dikwels die bewering gemaak dat teenoor die Christelike Wetenskap die eis gestel moet word van Christenwetenskaplikes. Die vraag is of die bestaande gewetensklousule nie juis 'n belemmering is in die weg van universiteitsowerhede om aan hierdie begeerte van die kerk te voldoen nie.

4.4. Universitêre onderwys het in die jongste jare ingrypende veranderinge ondergaan, onder andere wat betref beroepsgerigte opleiding en toelatingsvereistes. Die vraag is of die outonomie van die universiteit nog bepaal word deur 'n objektiewe „akademiese vryheid" wat deur die bestaande gewetensklousule beskerm moet word, en of

die „vryheid van die wetenskap" in huidige omstandighede nie 'n nuwe formulering vir gewetensbeskerming vereis nie.

5. Terwyl die kerk volgens sy jongste besluit die beginsel wat in die gewetensklousule vervat is, steeds gehandhaaf wil sien, het hy die weg oopgelaat vir 'n herformulering. In 'n eventuele herformulering wil hy twee dinge gehandhaaf sien, naamlik die reg van die gemeenskap om die gees en rigting van die onderwys te bepaal, en die beginsel van godsdiensvryheid. Met dié besluit wil die kerk, net soos ten opsigte van skoolonderwys twéé gevare die hoof bied, naamlik 'n neutrale onderwys wat in wese slegs teenoor die Christelike geloof neutraal staan, én die strewe om die universiteit 'n verlengstuk van 'n kerk te maak.

CHRISTELIKE WETENSKAP

1. NOODSAAKLIKHEID VAN DIE ONDERSOEK.

(i) Onder die begrip **wetenskap**, soos dit voorkom in die uitdrukking **Christelike wetenskap**, verstaan ons al die wetenskappe buiten die Christelike teologie, maar hoofsaaklik die vakwetenskappe soos hulle onderskei word in geestes-, sosiale- en natuurwetenskappe, asook die wiskunde.

(ii) Omdat hierdie ondersoek teologies-krities wil wees, en omdat die teologie self geen algemene wetenskapsleer aanbied nie, gaan ons die vraag stilswyend verby of hierdie wyse van wetenskapsbeoefening beantwoord aan die eise van 'n wysgerige wetenskapsbegrip. Dis 'n ondersoek wat tuishoort op die gebied van die wysbegeerte. Die teologie erken dat ander mense op 'n ander gebied as sy eie ook met die menslike onderneming van wetenskapsbeoefening besig kan wees volgens die eise van hulle bepaalde wetenskappe. Hy verstaan hulle wetenskaplike besig-wees as uitvoering van die kultuuropdrag wat God aan die mens gegee het (Gen. 1:28), en sien dit as 'n werksaamheid wat tot eer van God en in diens van die wêreld behoort verrig te word.

(iii) Omdat die kerk self Christelik is en sy eie wetenskaplike bemoeienis met die Christelike geloof, Christelike teologie genoem word, is sy belangstelling vanselfsprekend primêr gerig op die **Christelike** element van die uitdrukking **Christelike wetenskap**. Die teologie kan hom slegs daaroor verheug as hy in 'n newegebied van wetenskaplike werksaamheid die aanspraak op Christelikheid verneem. Immers, vanuit die eenmaligheid van die openbaring wat beslissend is vir alle mense en alle tye, kan en wil hy die begrip **Christelik** nie eng en selfsugtig net op homself betrek nie.

(iv) Kerk en teologie het egter uit bittere ervaring geleer dat alles wat as Christelik aangedien word, nie altyd werklik Christelik is nie. Hierdie ervaring is binne die eie huis opgedoen. Dikwels is teologiese ladings onder 'n wapperende Christelike vaandel laat vaar, wat by nadere ondersoek vyande blyk te gewees het van die Bybels-Reformatoriese teologie. Dikwels het dit met die vroomste bedoelings geskied, terwyl juis die vroom gevoel en die vroom wil die norm van die Christelikheid geword het, en nie die Woord van God nie. Dit is derhalwe ietwat tragies, maar tog onontkombaar, dat kerk en teologie dubbel versigtig moet wees juis as die woord **Christelik** oordrewe beklemtoning begin kry. Sonder om die Christelike

wetenskap in gedagte te hê, is dit wel 'n feit dat geen vyand van die kerk en sy teologie makliker kan insluip as juis onder 'n Christelike dekmantel nie. Die voorstanders van 'n Christelike wetenskap moet die kerk derhalwe nie kwalik neem as hy uiters versigtig is as hy die aanspraak op en die oproep tot Christelikheid verneem uit 'n wetenskapsgebied waar dit normaalweg nie gehoor word nie.

(v) In 1964 is **Die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die bevordering van Christelike Wetenskap** gestig. Soos uit die woorde van een van die voorstanders blyk, gaan dit nie slegs om nog 'n wyse van wetenskapsbeoefening nie. Dit gaan om die eksplisiete oogmerk om voorligting vir die Christelike lewe te wees en om die koninkryk van God op allerlei gebiede te bevorder. Dit gaan dus om 'n daadwerklike beïnvloeding wat, as ons dit so mag stel, 'n soort kerygmatiese kwaliteit besit en wat veral toegespits is op skoliere en studente. Wanneer dit om die studerende jeug gaan, het ons te doen met die toekomstige leiers op die verskillende lewensgebiede, en gaan dit dus om die toekoms van kerk en volk. Om hierdie rede is dit temeer dringend noodsaaklik dat daar baie krities ondersoek ingestel word na die aansprake en oogmerke van die Christelike wetenskap. Dis seker nie nodig om te meld dat verskillende vooraanstaande teoloë en veral leiers op die gebied van die onderwys hierdie dinkrigting toegedaan is nie, soos o.a. baie duidelik blyk uit die referate en besluite van die jongsgehoue onderwykskongres[1]) in Pretoria.

2. AGTERGROND VAN DIE IDEE VAN 'N CHRISTELIKE WETENSKAP.

(i) Filosofies-teologies.

Die idee van 'n Christelike wetenskap is gebore uit 'n bepaalde wysbegeerte wat weer sterk beïnvloed is deur 'n bepaalde teologie; dit is die Calvinistiese wysbegeerte wat aan die einde van die 19de eeu ontstaan het, en dit is die neo-Calvinistiese teologie soos wat dit veral aan die Vrye Universiteit van Amsterdam beoefen is. Al die beoefenaars van die nuwe wysbegeerte beklemtoon dit voortdurend dat die lewens- en wêreldbeskoulike uitgangspunt van fundamentele betekenis is vir die wysbegeerte in die algemeen. Omdat daar meer as een lewens- en wêreldbeskouing gevind word, is daar ook die moontlikheid vir verskillende wysbegeertes. Die Calvinistiese wysbegeerte gaan van 'n Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing uit, en dit beteken in 'n enkele woord dat hierdie wysbegeerte niks meer en niks minder as Christelik wil wees nie.

---

[1]) 29 Sept.-2 Oktob. 1969.

Die Christelikheid van die Calvinistiese wysbegeerte word op die volgende wyse nader gefundeer. Dis 'n wysbegeerte hierdie wat terdeë rekening hou met die **fundamentele lig van Gods Woord** op die wysgerige velde van ondersoek, hoewel dit nie tot die Skriftuurlike lig beperk is nie. Die eintlike fondament waarop die Christelike wysbegeerte rus is twee Bybelse waarhede wat volgens voorstanders deur Calvyn onderstreep is:

(a) Gods Woord werp lig op alles wat bestaan en dit wil orals, ook by die beoefening van die wetenskap, 'n lamp vir my voet en 'n lig op my pad wees.

(b) God, uit wie, deur wie en tot wie alle dinge is en aan wie alle dinge behoort, is absoluut soewerein oor alles wat Hy geskape het.

Hieruit word gekonkludeer dat die wysbegeerte slegs sinvol in die lig van Gods Woord beoefen kan word, en dat alle wetenskap, ook die wysbegeerte, die gebied moet wees waaroor God soewerein regeer.

Hoewel die klem deur verskillende beoefenaars van die Calvinistiese wysbegeerte anders gelê word, bind die volgende gemeenskaplike grondoortuiging hulle saam:

(a) Die gemeenskaplike Calvinistiese (Christelike) lewens- en wêreldbeskouing wat die historiese en prinsipiële oorsprong van hierdie wysbegeerte is.

(b) Die oortuiging dat die fundamentele waarhede van die Woord van God aangaande God self en sy verhouding tot alle dinge, van prinsipiële betekenis is vir die verstaan van die veld van wysgerige ondersoek. Hoewel die Bybel nie as wysgerige handboek beskou mag word nie, is dit as voorwetenskaplike openbaring tog van fundamentele betekenis vir die beoefening van die wysbegeerte. Dis 'n kenbron wat (ook)[2]) die veld van wysgerige ondersoek belig. Die Skriflig bied ook aan die wysgeer relevante gegewens wat nie elders verkry of besleg kan word nie.

'n Baie belangrike aspek van die Calvinistiese wysbegeerte is die beskouing oor die sg. kosmiese wetsorde en wetskringe. Dit kom daarop neer dat ons in die Bybel met meer as net die wet van die Tien Gebooie te doen het. Die wetsorde is die omvattende geheel van al die goddelike ordinansies, wetmatighede en norme. Dit beteken dat al die geskapene aan wette van God onderworpe is. In hierdie veelheid van kosmiese

---

[2]) H. G. Stoker, **Oorsprong en Rigting**, Band 11, Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad 1970. Die hoofgedagtes van die Christelike Wysbegeerte en Wetenskap soos uiteengesit in hierdie studie, is hoofsaaklik uit hierdie werk geneem.

wette bring die wetskringe 'n bepaalde orde, terwyl elke kring 'n sekere groep wette bevat. Sommige onderskei 14 sulke wetskringe, ander weer net 12. So is daar wette vir getalle, vir die ruimte, vir die ekonomie, die kuns, die politiek, ens. In soverre elkeen van hierdie wetskringe 'n eie wesenskern besit, word deur hulle 'n radikale verskeidenheid uitgedruk. Elke kring staan onder sy eie wetsbepaling en daarom geld die beginsel van soewereiniteit in eie kring. Dit kom daarop neer dat die ekonomie bv. nie vir die kuns kan voorskryf wat kuns moet wees nie, en die kuns vir die ekonomie nie. Elkeen is baas op sy eie plaas. Ewe belangrik is egter die ander vasstelling, dat elke kring in verbinding met die ander staan. Elkeen weerspieël die hele kosmos, en daarom geld hier weer die beginsel van universaliteit in eie kring, want nieteenstaande die radikale verskeidenheid bestaan daar tog weer samehang van die verskillende kringe. So gesien staan die kuns tog nie los van die ekonomie nie en geld die wet van die ekonomie tot 'n sekere mate ook vir die kuns: as daar op die gebied van die kuns bv. onekonomies met woorde gewerk word — met woorde gemors word — word die kwaliteit en gehalte van die kuns benadeel.

Die taak van die wysbegeerte is om die wetsorde te soek en te ondersoek.

Dis nie nodig en ook nie moontlik om in die kader van hierdie ondersoek 'n volledige oorsig te gee van die Calvinistiese wysbegeerte nie. Daarom volstaan ons met die enkele kerngedagtes wat ons aangestip het en wat genoegsaam is om lig te werp op die saak wat ons ondersoek.

(ii) Histories.

Die opkoms van die idee van 'n Christelike wetenskap moet gesien word teen die breëre agtergrond van die krisis waarin ons Westerse kultuur hom bevind, veral as gevolg van die rewolusie wat wetenskap en tegniek veroorsaak het sedert die tyd van die Verligting. Ongetwyfeld moet dit as reaksie verstaan word teen die moderne mentaliteit wat alleen nog rekening wil hou met hierdie wêreld, alleen met die mens, sy insig, sy aanspraak, sy prestasie. Dit gaan om 'n reaksie teen die sekularisme waardeur die wêreld nie net van afgode en demone bevry is nie, maar in hierdie proses van vrywording ook van God geëmansipeer is. In die eerste Bulletin wat met die stigting van die reeds genoemde vereniging ter bevordering van Christelike wetenskap verskyn het, word dan ook as motivering vir die ontstaan van die vereniging aangevoer: „Die klemmende vraag a.g.v. die sekularisme, of die Christenwetenskaplike in die beoefening van sy wetenskap rekening sal hou met die lig van Gods Woord." Niemand sal dit seker

wil ontken dat daar groot waardering betuig moet word vir die stryd teen al die afgrondsmagte van ons tyd, soos die voorstanders van die Christelike wetenskap dit ook wil voer. Die vraag is egter of ons die sekularisme as vyand reg bestry wanneer ons op die gebied van die wetenskap 'n verbete stryd gaan voer vir 'n Christelike wetenskap teenoor 'n goddelose wetenskap. Die gevaar van die sekularisme lê juis daarin dat dit iets wêrelds, iets mensliks en relatiefs verabsoluteer en sy hoop slegs daarop bou. Die gevaar van 'n gesekulariseerde wetenskap lê juis daarin dat dit die toekoms, geluk en heil van die mens aan sy wetenskaplike prestasie wil bind. Dit sal 'n futiele stryd wees as ons teenoor 'n gesekulariseerde wetenskap 'n verbete stryd gaan voer vir 'n Christelike wetenskap. Ons moet nie vergeet dat al ons werksaamheid, ook ons wetenskap, ja ook ons Christelike wetenskap volgens die getuienis van die Prediker tot die ydelhede van die lewe behoort nie. Ook dit is tevergeefs. Dit baat niks om teenoor 'n wêreldse wetenskap 'n Christelike te verhef nie. Die toekoms en die heil is aan geen wetenskap gebonde nie, maar lê in die hand van Christus.

Die stigting van die vereniging ter bevordering van Christelike wetenskap in ons land was die direkte gevolg van die besoek van prof. Vollenhoven van die Vrye Universiteit, as gasprofessor aan die Potchefstroomse Universiteit in Aug./ Sept. 1963. Daar was toe reeds lede in ons land van die Nederlandse Vereniging voor Calvinistische Wijsbegeerte. Die lede van hierdie vereniging het egter gereken dat die tyd ryp was vir die stigting van 'n vereniging vir die bevordering van Christelike wetenskap wat meer lewensvatbaar sou wees en 'n wyer trefkrag sou hê as die Hollandse vereniging.

Die vader van die gedagte van 'n Christelike wetenskap is Dooyeweerd, professor aan die Vrye Universiteit van Amsterdam destyds, en grondlegger van die Wysbegeerte van die Wetsidee. Sy twee groot medestanders aanvanklik en meesterbouers saam met hom aan die sisteem van die Christelike wysbegeerte, was genoemde Vollenhoven en Van Riessen. In ons land het veral prof. H. G. Stoker van Potchefstroom die mees bekwame en prinsipieelste woordvoerder geword van die Calvinistiese of Christelike wysbegeerte, en die grootste pleitbesorger van 'n Christelike wetenskap.

3. GRONDEGEDAGTES I.V.M. 'N CHRISTELIKE WETENSKAP.

(i) Die voorwaardes wat geld vir 'n Christelike wysbegeerte, soos reeds kortliks aangestip, geld in breë trekke ook vir die vakwetenskappe. As ons verder die woord wetenskap gebruik, het ons al die velde van ondersoek buite die wetenskap van die teologie en wysbegeerte in gedagte.

Wat die begrip **Christelik** betref, is 'n nadere bepaling nodig, omdat daar by voorstanders van 'n Christelike wetenskap onderskei word tussen godsdiens en religie. **Godsdiens** word in 'n beperkende sin gebruik. Hier gaan dit om 'n Christelike waarheid, beginsel en idee wat beperk is tot wat ons 'n binnesirkel van die Christendom kan noem in soverre dit slegs betrekking het op die erediens, die kerklik-sedelike lewe en die teologie. Die ander lewensgebiede soos die wetenskap, die kuns, die ekonomie en die politiek is hierby uitgesluit. Dit sou dan die opvatting wees wat 'n mens by 'n sg. partiële Christendom vind en waaronder bv. die Lutheranisme, Metodisme, Barthianisme en sektarisme verstaan word.

Religie word in 'n meer universele sin verstaan. Hier het die Christelike waarheid, beginsel of idee betrekking op die ganse lewe van die mens in al sy doen en late, en sluit noodwendig ook sy wetenskap in. Volgens voorstanders is dit die opvatting wat 'n mens by die Calvinisme en by die Rooms-Katolisisme as universele Christendom vind. Wetenskap is dus nie godsdiens nie(direkte diens van God bv. in aanbidding nie), maar die religie in die wyere sin van die woord in soverre dit hier om die diens van God gaan langs die hele linie van kultuuraktiwiteite wat wetenskapsbeoefening, ekonomie, kuns, skool, gesin, universiteit, hospitaal ens. insluit. Dis egter nie vanselfsprekend dat die mens hier diens aan God verrig nie, maar dit is roeping en geskied deur bekwaammaking van God. In die kader van **religie** moet daar dan van Christelike wetenskap gepraat word. Christelike wetenskap in religieuse sin beteken dan roepingsvervulling as bewuste diens van God, beoefening van die wetenskap **in u lig,** gehoorsaamheid aan die goddelike wetsorde ook in die beoefening van die wetenskap.

(ii) Vir 'n Christelike wetenskap word die Christelike lewens- en wêreldbeskouing as primêre voorwaarde gestel. Geen wetenskapsbeoefening is inderdaad moontlik, so word beweer, sonder so 'n wêreldbeskoulike grondslag nie. Dit lei die ondersoek en is medebepalend vir die resultate. Die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing waaronder die Christelike religie ook verstaan word, is die diepste wortel wat die sin van die wetenskap as sodanig bepaal. Dit word kortliks so verklaar:

Alle kennis wortel in openbaring. In die openbaring gaan dit om iets wat deur iemand aan 'n ander geopenbaar word. Die iets of die inhoud van die openbaring, is God in Woord en skepping, maar dit sluit ook die kenbaarheid van die skepping in. Die mens kan Gods Woord en die kosmies-kenbare ken kragtens sy ingeskape aanleg om te kan ken. Die openbaring

van God in sy Woord is van essensiële en kardinale betekenis vir alle wetenskapsbeoefening omdat dit noodsaaklike lig op alle velde van ondersoek werp. Verder openbaar God hom aan die mens, sodat die mens Hom kan dien. Die mens se diens van God is dus roeping. Omdat God die kosmos kenbaar skep en aan die mens die kennismoontlikheid skenk, word dit nou ook vir hom moontlik om die kosmos wetenskaplik te versorg. Omdat die mens in hierdie verantwoordelikheid gestel is, het hy die plig om wetenskap te beoefen. Dit vorm die diepste en mees wesenlike aspek van die wetenskapsbeoefening, en as 'n mens jou nie bewus rekenskap daarvan gee nie, is jou wetenskap neutraal en kan 'n mens nie nog 'n oppervlakkige **Christelik** daarby voeg nie. Dis hier waar die Christelike lewens- en wêreldbeskouing van soveel betekenis is, want dit impliseer bewuste rekenskapgewing van jou wetenskapsbeoefening. Dit gaan dan ook in die wetenskapsbeoefening ten diepste om die vervulling van Gods raadsplan waarvoor hy ook die mens en sy wetenskap as dienende medewerker gebruik.

(iii) Nog eens moet die betekenis van die Woord van God en die lig wat hierdie Woord laat val op die veld van ondersoek, onderstreep word. Die eis is dat die wetenskaplike in hierdie lig die wette en ordinansies moet naspeur wat God vir en in die hele kosmos gestel het. Dit behoort tot die eise van die wetenskap dat die wetenskaplike met alle relevante gegewens op sy veld van ondersoek rekening moet hou as hy tot geldende resultate wil kom. Die beoefenaar van Christelike wetenskap aanvaar dan ook die openbaring van God as relevante gegewens vir wetenskaplike ondersoek. As hy nie daarmee rekening hou nie, sou hy onwetenskaplik handel en teen sy gewete. Hy het die reg en die vryheid om na Gods Woord te luister.

(iv) Nog op een saak moet die aandag gevestig word wat deur al die woordvoerders van hierdie dinkrigting sterk beklemtoon word, nl. die betekenis van die hart. Die hart is die eintlike religieuse wortel van die Christelike wysbegeerte en wetenskap. Daar word die antwoord op die laaste en diepste vrae gevind. Dis die plek waar die verhouding tot God bepaal word. Vir Dooyeweerd is dit die uitgangspunt, die staanplek, die uitkykplek, die **archimediese punt** om die sintotaliteit van die kosmos te oorsien. Dis natuurlik nie 'n gewone hart nie, maar die herbore hart van die Christen wat so belangrik is, want daar lê sy deelname aan die openbaring van Christus. En omdat die hart die uitgange van die lewe is, sal die Woord van God die sentrale plek in die lewe van die mens inneem, ook in sy wetenskap, want die herbore mens is aan Gods Woord gebonde.

4. KRITIEK.

(i) Voordat die hoofgedagtes van die Christelike wetenskap krities behandel word, moet eers 'n formele opmerking gemaak word. Voorstanders van 'n Christelike wetenskap maak veelvuldig gebruik van die woord **Calvinisme** en gee 'n bepaalde inhoud aan hierdie woord asof dit vanselfsprekend deur almal in die protestantse wêreld as sodanig aanvaar word. In werklikheid het ons hier te doen met 'n Calvinisme van 'n bepaalde stempel, met name 'n neo-Calvinisties gestempelde Calvinisme. Onder die Calvinistiese vlag word hier 'n vrag vervoer waarmee 'n mens nie altyd graag sou wou saam vaar nie. Dis o.i. by voorbeeld glad nie so vanselfsprekend soos wat daar beweer word, dat daar by die Calvinisme geen onsekerheid of twyfel bestaan oor die noodwendigheid van Christelike wetenskap nie. Ewe-eens lyk dit nie so vanselfsprekend dat die Calvinisme besondere betekenis heg aan wetsordes en skeppingsordinansies vir die verskillende kosmiese modaliteite of synswyses nie. Calvyn het met sy onderwysing in die Christelike geloof waarop die Calvinisme rus, beslis nie 'n filosofiese sisteem oor die syn en die kosmos in gedagte gehad nie, maar wou sy lesers graag almal leerlinge en gehoorsame luisteraars van en na die Heilige Skrif maak.

(ii) Dit bring ons by die eerste saak waaraan aandag gegee moet word, omdat dit die grond is waarin die eis vir 'n Christelike wetenskap sy sistematiese wortels het, die saak naamlik van die moontlikheid en wenslikheid van 'n Christelike wysbegeerte. Onder die groot teoloë van die wêreld is daar voor- sowel as teenstanders van 'n Christelike filosofie. Daar is sommiges wat die besinning van 'n gelowige denker sonder meer Christelike filosofie noem (Brunner). Ander reken dat 'n Christelike filosofie moontlik is omdat die teologie as gevolg van die werksaamheid van die kerk in die era na Christus ook denkinhoud van die filosofie geword het. (Heinrich Ott, Ulrich Mann) Karl Barth is waarskynlik die grootste teenstander van die gedagte van 'n Christelike filosofie. Die struktuurverskil tussen teologie en filosofie lê vir hom daarin dat die Christelike teologie onverbiddelik in die onomkeerbare orde van die Skepper na die skepsel dink, terwyl die momente van die waarheid vir die filosofie weer in omgekeerde orde lê: die filosoof dink van die geskapene af. Hoewel hy skoorvoetend toegee dat dit miskien in die era na Christus moontlik sou kon wees dat die filosoof van die openbaring af dink, merk hy dat daar feitelik ook in 'n sogenaamde Christelike filosofie tog maar van die geskapene af gedink word. Die vertrekpunt in die Christelike filosofiese denke is tog nie die openbaring nie, maar die menslike rede.

Dit wil voorkom of dit ook die geval met die Calvinistiese (Christelike) wysbegeerte is. Ondanks die beklemtoning van die betekenis van die openbaringswoord vir hierdie wysbegeerte, is sy vertrekpunt uiteindelik tog maar by die mens: uit sy hart, en al is dit 'n herbore hart, bly dit nogtans 'n menslike hart. En al word ons ook verseker dat daar met die fundamentele waarhede van Gods Woord rekening gehou wil word, is dit tog nie die enigste waarheid waarmee rekening gehou word nie, want die Bybel is 'n kenbron wat (ook) die veld van wysgerige ondersoek verlig. Hierdie (ook) is juis die gevaarpoort in hierdie filosofiese sisteem in soverre dit die pretensie van Christelikheid betref. Kom dit nie daarop neer dat die denke uiteindelik gaan bepaal watter Bybelse of teologiese waarheid ook as filosofies relevante waarheid 'n plek in die filosofiese besinning moet kry nie? Word die denke sodoende nie bokant die openbaring gestel nie? Die teologie wat uitsluitend uit die openbaring as die enigste kenbron wil spreek, weet uit ervaring watter geweldige stryd hy voortdurend moet stry teen die versoeking en aanvegting om los te kom van die lastige binding aan die Bybel as die enigste outentieke getuienis van die openbaring en selfstandig verder volgens eie insig te praat, d.w.s. filosofies en nie teologies te praat nie. Dis nie te bedenke tot watter resultate 'n sogenaamde Christelike filosofie sal kom waar die deur wyd oopstaan vir die versoeking van selfstandige denke, aangesien die openbaringswaarheid ook verligtende kenbron is vir die ondersoek op die wysgerige veld. Dit is beslis ook nie genoeg vir 'n Christelike wysbegeerte om slegs van die openbaring af te dink nie. 'n Filosofie wat hom met reg Christelik wil noem, sal nie maar net by die openbaring kan begin, of 'n paar algemene openbaringswaarhede as uitgangspunt of vooronderstelling van sy denke kan neem en dan maar selfstandig verder dink nie. 'n Filosofie wat hom Christelik wil noem en ernstig met Gods openbaringswoord rekening wil hou, dink eenvoudig nie selfstandig verder nie, maar sal elke stap wat hy op sy filosofiese pad gee, versigtig moet waag en dit voortdurend aan die openbaringswoord moet meet. Anders kan dit tot uitsprake kom wat wel Christelik genoem word, maar wat slegs gevolgtrekkings is vanuit 'n bepaalde uitgangspunt waarvoor daar nie altyd Skriftuurlike getuienis gevind kan word nie. So 'n gevolgtrekking is die beskouing oor die wetsorde en wetskringe en hulle getal. Hiervoor kan geen direkte Skrifgetuienis aangevoer word nie, maar dis 'n konklusie uit bepaalde Skrifgegewens soos die volgende: God het alles geskape na hulle aard (wetsorde), die apostels het hulle nie met owerheidssake ingelaat nie en hulle ook nie uitgespreek teen die slawegebruik van hulle tyd nie (wetskring).

Die getal van die wetskringe is geheel-en-al spekulatief. Nou kan daar ter verskoning of verdediging aangevoer word dat die Christelike wysbegeerte geen teologie is nie en hom derhalwe nie aan die Woord van God hoef te hou in al sy uitsprake nie. Maar dan moet hy hom liewer nie Christelik noem nie, want in die kerk beteken Christelik altyd ooreenstemmend met Gods Woord in alles.

(iii) Die kern van die hele saak lê o.i. in die vraag na die betekenis van die openbaring. Is dit waar dat die Bybel as openbaringswoord van God lig werp op die verskillende velde van wetenskaplike ondersoek, soos bv. van die wiskunde? Is dit waar dat daar gegewens in die Bybel is wat relevant is vir die eksak-wetenskaplike ondersoek om tot geldende resultate te kom? Is dit waar dat die openbaringswoord van God as kenbron van die wetenskap, bv. van die wiskunde aanvaar moet word? Dit is nie duidelik wat met hierdie uitsprake bedoel word nie, want aan die een kant word dit ten strengste afgewys dat die Bybel as wetenskaplike teksboek beskou moet word, aan die ander kant word ewe sterk beklemtoon dat die openbaringswoord as kenbron aanvaar moet word omdat die Skriflig oor die hele veld van wetenskaplike ondersoek straal. Waarskynlik is die gevolgtrekking geregverdig dat die gedagte hier deurskemer dat die openbaringslig van die Woord die natuurlike vermoë van die mens versterk en vergroot, sodat hy deur die versterkte vermoë nou kan sien wat waarlik waar en werklik is. Ds. Spier praat inderdaad ook van die verbondsseën wat die Christelike wysgebeerte sal ontvang, as voortgaande verligting en leiding van die Heilige Gees, waardeur ook meerdere helderheid verkry sal word by die stel en oplos van probleme. Hier loer die Roomse leer van die **gratia infusa** (die genade wat 'n mens ingegiet word sodat dit nou 'n selfstandige krag van die mens word) om die hoek. Dis 'n baie verleidelike en gevaarlike gedagte vir 'n teologie wat van die skepping af dink, wat die skeppingsordinansies oorbeklemtoon en wat die weergebore hart van die mens so 'n wesensverandering laat ondergaan dat hy nou selfstandig die goeie en regte en Christelike voortbring, asof die vertwyfelde „ek ellendige mens" hier vir goed tot swye gekom het.

(iv) Die groot vergissing by die pleitbesorgers van 'n Christelike wetenskap, is dat twee wesenlik verskillende waarheidsbegrippe gelykgestel word: die Bybelse openbaringswaarheid en die wetenskaplike waarheid, heilswaarheid en verstandswaarheid. In die Bybel gaan dit om die een, enige waarheid, en hierdie waarheid is geen idee of beginsel waaroor 'n mens beskik en wat jy in allerlei kategorieë en sisteme kan manipuleer nie. Dis geen waarheid wat 'n mens met jou verstand kan bykom nie, dit kom na jou toe in die gebeurtenis van 'n ontmoeting met 'n persoon. Die persoonskarakter is

wesenlik van die Bybelse waarheidsbegrip. Daarom dat kennis van hierdie waarheid in die Bybel die gedagte van gemeenskap, omgang, wandel met mekaar insluit, en daarom word dit geaktualiseer in geloof, gehoorsaamheid, erkenning, diens. Hierdie waarheid kan 'n mens nie besit nie, in jou mag kry nie, maar dit besit jou en beskik oor jou. Dis nie 'n waarheid wat 'n mens het nie, maar jy is daarin. Dis 'n waarheid wat aanspreek, wat 'n antwoord as beslissing van jou vra en jou sodoende in die verantwoordelikheid stel. Dis hierdie waarheid wat vir alle mense geld, ook vir die wetenskaplike wanneer hy met sy wetenskapsbeoefening besig is, wanneer hy dus besig is met die waarhede van die wêreld, met daardie **onpersoonlike** waarhede waarin dit nooit om 'n **jy nie**, maar slegs om 'n **dit** gaan. Die persoonlike waarheid van die openbaring stel ook die wetenskaplike onder die sedelike verantwoordelikheid wanneer hy met sy wetenskap besig is, nl. dat hy dit met nougesette kragsinspanning sal verrig en met eerlikheid teenoor sy feite. Sy sukses op die gebied van die wetenskaplike navorsing is nie afhanklik van ingegiete genadekragte nie, maar in sy eerlike en volgehoue arbeid volgens die aanvaarde metodes van sy bepaalde wetenskapsgebied. Die waarheid van die Bybel is dus geen wetenskaplike verligting nie, maar 'n mensverlossende en -bevrydende waarheid, 'n waarheid wat jy nie verstandelik kan begryp of gryp nie, maar alleen kan glo en vertrou. Die Bybelse waarheid is 'n heilswaarheid, 'n geloofswaarheid wat nie in enige sisteem wil inpas nie, nie in 'n teologiese en nog minder in 'n filosofiese, juis omdat hierdie waarhed 'n persoon is: die lewende Christus. Christus, die lewende waarheid, het nie gekom om lig te werp op die veld van ons menslike wetenskaplike ondersoek nie. God wat die mens gemaak het en hom ook die opdrag gegee het om die wêreld te onderwerp (waarin die wetenskapsbeoefening gefundeer is), het hom ook die vermoë daartoe gegee. Die sonde het die mens hierdie vermoë nie ontneem nie. Sonde beteken geen vermoë-verminking ten opsigte van die geskape dinge nie, maar verbreking van verhouding: ongehoorsaamheid aan God en sy Woord.

(v) Met die oog op die voorgaande is dit 'n uiters gevaarlike onderneming om (**ook**) op grond van Bybelse gegewens tot wetenskaplike resultate te kom. Indien 'n nie-Christelike wetenskaplike sekere resultate van 'n ondersoeker volgens die eis van die Christelike wetenskap as foutief sou kon bewys, sal nie slegs sy eie wetenskaplike prestige in gedrang kom nie, maar die Bybel as enigste norm vir geloof en lewe sal daardeur 'n ontsettende knou kry.

Bowendien moet die vraag gestel word of ons 'n ander betekenis aan die Skrif mag toeken as dat dit alles wat ons moet glo tot saligheid genoegsaam het (N.G.B. art. VII).

(vi) Aansluitend by die saak van die openbaring, moet 'n ander genoem word wat miskien as die hoofpilaar beskou kan word waarop die idee van 'n Christelike wetenskap rus: die betekenis van 'n Calvinistiese (Christelike) lewens- en wêreldbeskouing. Hoewel die fundamentele betekenis van die openbaringswoord voortdurend beklemtoon word, is dit tog opvallend dat nie uitgegaan word van die geloof soos wat dit vir ons deur die reformatore die beste geformuleer is in ooreenstemming met Gods Woord nie, maar van 'n ietwat vae en algemene Christelike lewens- en wêreldbeskouing waarvan die inhoud nie vasstaan nie. Nou is dit wel waar dat die religie, en daarmee seker ook die Christelike religie of geloof, blykbaar by die begrip lewens- en wêreldbeskouing ingesluit word, maar daarmee is die probleem nie opgelos nie, eerder nog vergroot. 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing kan nooit gelykgestel word met die Christelike geloof of godsdiens nie. Dit is inderdaad waar dat die Christelike geloof 'n vormende en bepalende faktor is by die totstandkoming van 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing, maar dit lê tog al weer verder weg van die geloof, aangesien 'n hele aantal menslike faktore al meer en meer 'n rol begin speel waaronder die kwessie van 'n wetenskaplike wêreldbeeld seker nie die geringste is nie. Die gevolg is dat die absolute waarheid waaraan 'n mens deur die geloof deel kry, en wat in 'n lewens- en wêreldbeskouing 'n bepaalde gestalte aanneem, al meer en meer gerelativeer word. As so 'n vooronderstelling nou voorwaardelik vir **Christelik** gestel word, roep dit tog ernstige bedenkings op. Een van die grootste bedenkings is wat 'n soort Christelik-wysgerige fundamentalisme genoem kan word. Fundamentalisme beteken die gelykstelling van die ewige waarheid met die tydelike uitdrukking of formulering daarvan en die verheffing van so 'n menslike formulering tot 'n laaste norm. 'n Wêreld- en lewensbeskouing is menslike gestaltegewing in lewenshouding, insigte en opvattings van die openbaringswaarheid wat as gevolg van die baie (en dikwels ook onsuiwere) bymengsels van die kant van die mens, nie met die geloof, en nog minder met die openbaringswaarheid self gelykgestel kan word nie. As dit as uitgangspunt voorwaardelik gestel word vir 'n Christelike wetenskap, is dit duidelik dat **Christelik** hier alleen in 'n uiters gerelativeerde sin verstaan kan word.

(vii) Omdat dit so gesteld is met 'n Christelike lewens- en wêreldbeskoulike vooronderstelling, kom die ander kardinale saak i.v.m. 'n Christelike wetenskap ook in die gedrang, nl. die soewereiniteit van God op alle lewensgebiede, ook op die gebied van die wetenskappe. Op die oog af lyk hierdie uitspraak oor die soewereiniteit van God op alle lewensgebiede na 'n saak wat sonder teëspraak aanvaar moet word. Veral ook in 'n sogenaamde onchristelike, gesekulariseerde tyd kan die

strewe verstaan word om alle lewensgebiede onder die gesag van die Woord te stel, om verlore terrein terug te wen en bestaandes te beskerm. Die vraag is egter of die wyse waarop die voorstanders van 'n Christelike wetenskap hierdie soewereiniteit wil verseker en beskerm, nie juis 'n aantasting van die ware soewereiniteit van God is nie. Immers sou ons allerbeste pogings om Christelike wetenskap te beoefen ooit God se soewereiniteit op die gebied van die wetenskap kan verseker? Is dit nie te aanmatigend om ons Christelike lewens- en wêreldbeskouing voorwaardelik daarvoor te stel nie? Kom die soewereiniteit van God nie juis daarin tot uiting dat Hy alle wetenskap, ook die van hulle wat hom nie ken of wil ken nie, soewerein kan gebruik in diens van sy toorn of goedheid nie? As dit waar is op die terrein van die kerk dat geen woord of daad op sigself vir God diensbaar kan wees nie tensy hy dit heiligend en regverdigend in sy diens neem, geld dit des te meer van ons besig wees op wetenskaplike gebied, al wil ons dit subjektief-menslik so veilig as moontlik stel. Daar is een reformatoriese waarheid wat ons nooit mag vergeet nie: simul justus simul peccator. Ook wat ons Christelike lewens- en wêreldbeskouing betref, is ons nog altyd tegelyk regverdige en sondaar. Daarom dra ook ons Christelike arbeid op die gebied van die wetenskap die kenmerke van die sonde en moet dit gedurig geregverdig word. Daarom moet die antitese wat daar deur voorstanders van 'n Christelike wetenskap op die gebied van wetenskaplike ondersoek geskep word tussen gelowiges en ongelowiges, Christene en nie-Christene, wedergeborenes en on-wedergeborenes afgewys word. Dis geen Calvinistiese element nie, maar eerder 'n sektariese moment.

5. BEVINDING.

Hoofsaaklik vanuit die vasstelling dat die Bybelse openbaring geen verspreiding van lig op die veld van wetenskaplike ondersoek of vermeerdering van kennisvermoë op hierdie gebied beteken nie, moet die idee van 'n Christelike wetenskap afgewys word. Die Christelike wetenskap wat op grond van 'n Christelike lewens- en wêreldbeskoulike vooronderstelling bepleit word, sal veral wat die vakwetenskappe betref, nie verskil van 'n wetenskap wat nie bewustelik van sulke vooronderstellings uitgaan nie. Christelike wetenskap sal derhalwe nie anders of beter, en hoef nie slegter te wees as ander wetenskap nie. Die resultate wat tot dusver gelewer is, bevestig dit. Daar word ontsettend baie geteoriseer oor die kwaliteit van Christelike wetenskap, intussen het die bevestigende resultate uitgebly, en sal dit altyd uitbly. Implisiet word daar deur die voorstanders van 'n Christelike wetenskap 'n groter pleidooi gelewer vir 'n Christelike wetenskaplike as vir Christelike wetenskap. En daarvoor is seker veel te sê want

alle mense, ook die wetenskaplikes het die genadige bevryding van Christus nodig, solank maar net onthou word dat hierdie genade geen voorsprong in kennisvermoë impliseer sover dit die geskape dinge betref nie, maar miskien in verantwoordelikheid en volgehoue navorsing.

As dit primêr gaan om 'n Christelike wetenskaplike sal daar ook noue verband bestaan tussen die pleidooi vir Christelike wetenskap en die skrapping van die gewetensklousule. Indien dit sou slaag kan daar geen twyfel bestaan nie dat die keuse by aanstellings nie op grond van wetenskaplike resultaat sal geskied nie, maar op grond van wêreldbeskoulike vooronderstellings, en dit mag uitloop op 'n heillose ketterjag.

GROEPSKOLE

Die idee om aparte Christelike skole te stig, het ontstaan as gevolg van die modernisme van die vorige eeu in Wes-Europa en met name ook in Nederland.

Die modernisme het sy invloed laat geld in al die vertakkinge van die lewe, ook in kerk en teologie, asook in die opvoeding en onderwys.

Die geestesrigting van die modernisme het tot uiting gekom in 'n steeds radikaler Skrifkritiek, met verwerping van selfs sentrale punte in die belydenis van die Christelike kerk soos die besondere openbaring, die Godheid van Christus, die versoening en opstanding van Christus, die wonders.

Hierdie moderne rigting het ook deurgedring in die skoolwese en so die harte van Christelike ouers met kommer en sorg vervul.

Die vorige eeu was ook 'n tyd waarin afskeidings op kerklike gebied aan die orde van die dag was. Teen die end van die agtiende eeu was daar die afskeiding van die volgelinge van Westley in Engeland en Amerika wat hulle van die Anglikaanse Kerk afgeskei het. In Nederland was daar die Afskeiding in 1834 en in 1885 die Doleansie, albei uit die Hervormde Kerk en albei as gevolg van die liberale rigting van die groot kerke van die tyd. Hierdie kerklike afskeidings het die weg help baan vir „afskeidings" op die gebied van die skool.

Hierdie kommer van duisende konfessionele lidmate oor die modernistiese rigting op kerklike gebied, het deurgewerk na die skool. Besware teen die geestesrigting op die openbare staatsskole was die direkte aanleiding tot die vraag na Christelike skole waar die Bybel en die Belydenisskrifte nog van krag is.

Hierdie stryd vir die Christelike skool was 'n lang en swaar stryd. Vooraanstaande kerkmanne en politieke volksleiers het aan die voorpunt daarvan gestaan, soos Groen van Prinsterer, minister Van der Brugghen, prof. Chantepie de la Saussaye, prof. N. Beets en andere.

Hierdie strydpunt het die Nederlandse volk ten opsigte van die skool in twee kampe verdeel. Aan die een kant was daar die voorvegters van die openbare neutrale skool. Aan die ander kant die voorstanders van besondere skole vir elke gesindte, beheers deur 'n bepaalde lewensbeskouing.

Hoewel verskillende sinodes die skool sonder voorbehoud aan die wêreldlike owerheid toegeken het, naamlik die sinodes van Wezel (1568), Emden (1572), Dordrecht (1574 en 1578) en Middelburg (1578), tog het daar gaandeweg, namate die modernisme veld gewin het, al meer beswaar daarteen gekom en is gesê: die skool behoort nie aan die staat nie, ook nie aan die kerk nie, maar aan die ouers. Dr. Abr. Kuyper het sover gegaan om te sê, dat die Christelike, historiese beginsel meebring dat die staat geen onderwys **mag** gee nie.

Daar het selfs stemme opgegaan om die Christelike Nasionale skole kerklik te maak. Dit is kragtig teengestaan, maar die beginsel is gehandhaaf dat al sou die skool nié die saak van die kerk en ook nié van die staat wees nie, maar wel van die ouers, tog het én kerk én staat reg van toesig op die onderwys in die vrye skole, elkeen op sy eie terrein. So sal bv. die staat tog moet uitmaak of die onderwysers in die gesindheidsskole genoegsaam **onderleg** is, ja ook in die hoofwaarhede van die geloof van die kerke.

Die gesindheidsskole, dit wil sê aparte skole vir elke gesindheid, sou meebring dat daar 'n reeks staatsondersteunde besondere skooltjies sou ontstaan naamlik vir die Afgeskeidenes, die Remonstrante, die Lutherane, die Mennomiete, die Baptiste, vir die Ateïste, ens. Maar dit sou beteken, dat die skole klein sekteskole sou wees.

Die alternatief deur Wormser gestel naamlik óf 'n ateïstiese skool óf 'n gesindheidsskool is nie aanvaar nie. Dit is gesien as onuitvoerbaar in die praktyd. Op die wyse sou die skool nooit volksaak word nie. Daarom is positief Christelike staatskole verkies.

Tussen hierdie twee uiterste hoofrigtings in hierdie stryd het geleidelik na vore gekom 'n derde skoolrigting naamlik die nasionale gemengde skool met 'n positief Christelike beginsel.

Dit het aanleiding gegee tot die stigting van die Vereniging vir Christelike Volksonderwys in 1890 en wel omdat die Vereniging vir Christelik Nasional Onderwys te veel in die kerklike stryd betrokke geraak het en te eng geword het.

Na hierdie inleidende oorsig oor die agtergrond en ontstaan van die besondere Christelike skole in Nederland, wat as agtergrond vir die ontstaan van ons Christelik Nasionale skole dien, kan ons nou by ons eie Suid-Afrikaanse skoolprobleme kom.

Die Tweede Vryheidsoorlog het ontwrigting op byna elke terrein van ons volkslewe gebring, ook op die gebied van die skool. Die Milnerregime het Engelse staatskole gestig waarvan die gees en karakter vreemd was aan ons vadere. Toe is die uitkoms in hierdie situasie gesien in die stigting van vrye Christelik Nasionale skole, geskoei grotendeels op die lees

van dergelike skole in Nederland en met groot finansiële steun vandaar. En so het Christelik Nasionale skole in Transvaal ontstaan, in teenstelling met die openbare Engelse staatskole van die tyd.

Met die Smuts onderwys wet van 1907 het daar 'n end aan die Christelik Nasionale skole as sodanig gekom, maar die beginsel het voort gelewe en is as ideaal behoue gebly.

Wat daar alles presies onder verstaan moet word, is nie altyd eners vertolk nie. Verskillende sinodes van die drie Afrikaanse kerke, sowel as onderwys en ander liggame het hulle daaroor uitgespreek en nie altyd eners nie.

In ons Hervormde Kerkwet spreek die kerk hom uit ten gunste van Christelik Nasionale Onderwys ook sonder om te sê, wat daarmee presies bedoel word.

Die verskillende vertolkings hiervan in Suid-Afrika kan soos volg saamgevat word:

1. Die van die Interkerklike Onderwys Kommissie wat egter ook nie altyd dieselfde was nie.
2. Die van die Gereformeerdes, wat altyd, ondanks naamwysiginge en ook kleiner veranderinge, tog altyd gemik was op groepskole.
3. Die van ons eie kerk soos enige jare gelede aanvaar.

Die punt waar dit in hierdie rapport eintlik oor gaan, is oor die sogenaamde groepskole. Hierdie naam is later vervang deur die naam: Vrye Staatsondersteunde (groep)skole.

Hoewel ook in die Ned. Geref. Kerk stemme ten gunste hievan gehoor is en selfs 'n ring van die kerk, naamlik die ring van Langlaagte, met algemene stemme enige jare gelede besluit het om by die sinode aan te beveel „die oprigting van enige Christelike Nasionale privaatskole in die groter sentra aan die Rand", tog is die eintlike propageerders van groepskole die Geref. Kerk en sy leiers.

So het die Geref. sinode in 1933 besluit:

„Die bestaande stelsel van staatskole moet omgewerk word tot 'n stelsel van staatsondersteunde skole."

Volgens 'n besluit van dieselfde sinode word „die staatskool in beginsel verwerp", en het dit geen sin om die staatskool te probeer hervorm tot „Christelike staatskool nie."

Die hoop word uitgespreek „dat ons in die nabye toekoms of deur omskepping van bestaande skole of deur oprigting van nuwes 'n paar Christelike skole in ooreenstemming met ons ideale sal sien verrys." (Die Kerkblad 20 Julie 1960). En verder: „Dat alle hervormings aan die huidige staatskool alleen sin het as dit deel vorm van 'n groter plan om staatsondersteunde skole te vestig."

Die sinodebesluit van 1933 is in 1958 en 1961 herbevestig.

BESWARE HIERTEEN

1. In Nederland het die besondere Christelike skole meegebring dat deur die onttrekking van die Christelike invloed in 'n groot mate, die openbare skole aan die ongeloof prysgegee is. Dit het verder in Nederland meegewerk tot die ontkerstening van die nasie. En waarom sal dit dan nie ook hier gebeur nie?
   Dit blyk ook dat in Pruise, waar reeds voor Nederland gesindheidskole ontstaan het, die vrugte swak was.
2. Die besondere skool rus op 'n separatistiese beginsel en dring in die sektehoek.
3. 'n Vrye Christelike groepskool naas ander groepskole vir elke gesindte: Rooms, Joods, ateïsties, sektaries, ens., ens., degradeer die protestantse Christenheid tot 'n besonderheid.
4. Hierdeur word die nasionale en in sommige gevalle ook die Christelike karakter van die skool prysgegee. Jesus Christus wil op elke terrein absoluut heers en daarom mag die Christelike Nasionale beginsel nie uit die oog verloor word nie.
5. Die groepskole sal 'n versnippering bring, nie alleen van die onderwys deur die baie skole en skooltjies nie, maar eventueel ook van die volk self.

By 'n Christelike nasie pas 'n Christelike openbare skool, maar met vryheid vir hulle, wat met die Christelike onderwys nie gedien is nie, om hulle kinders aan die godsdiensonderrig te onttrek of om hulle eie neutrale of wat se besondere skole op te rig, dit wil sê die openbare, Christelike staatskool moet dus die reël, die ideaal wees en die ander die besondere, die uitsondering.

Teenoor die groepskoolidee staan die standpunt van die Hervormde Kerk wat ten gunste is van Christelike openbare staatskole.

Die Hervormde Kerk spreek hom in sy Kerkwet uit ten gunste van 'n volkskerk.

'n Volkskerk en 'n volkskool rus, op dieselfde prinsipiële grondslag. Soos ons die volkskerk, 'n kerk vir die volk verkies, wat hom rig tot die hele volk en nie net tot sy bepaalde volksdeel nie, so verkies ons as kerk die volkskool bo die besondere party- of groepskool.

Met volksonderwys word aan die wydte van die genadeverbond reg gedoen, aan die begeerte om nie alleen die eie groep of volksdeel te dien nie, maar die hele volk. Daarom juis mag die openbare skool nie aan ontkerstening prysgegee word om terug gevoer te word in die verby-sondering nie. (Die Hervormer Okt. 1949.)

Teenoor die vryé Christelike groep- of staatsondersteunde skool stel die Hervormde Kerk nie die neutrale skool nie, maar wel die verdere verchristeliking van die bestaande skool. Party word dus gekies vir die positief Christelike volkskool.

Hierdie standpunt gestel in die uitgawes van Oktober, November en Desember 1949 van Die Hervormer is indertyd deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering as die amptelike beleid van die Ned. Herv. Kerk op die gebied van die onderwys aanvaar.

Gedruk deur N.H.W.-Pers. Posbus 18061, Hercules, Pretoria.